(Vervolg) - Hoofstuk 41 - DIE LEWE, DOOD EN LIEFDE (15.11.1840) HIM1.202

16] Kyk, daarmee wil Ek vir julle niks meer sê nie, as dat vir hom vir wie die liefde en die verheerliking van My Naam 'n volkome erns is, al die kamers van My oneindige skepping spoedig bietjie vir bietjie oop-gemaak sal word. En nie een plek sal vir hom dood en vreemd bly nie, en die kamers van die hemele en die kamers van die aarde sal vir hom geopen word. En hy sal met **die een oog die groot wêreld van geeste aanskou, en met die ander oog terselfdertyd die wêreld van die vlees**, sodat hy kan gewaarword hoe die een van die ander uitgaan en die een vir die ander daar is.

17] Nogtans, let wel, dit aan sal niemand verleen word nie, al sou hy dit dag en nag daarna vra, **alvorens hy nie sy liefde vir My heeltemal volkome ernstig opgeneem het nie.** Want die koninkryk van die hemele gaan altyd gebuk onder geweld, en net diegene sal dit besit, wat dit met 'n ystersterk krag aangryp. Maar hierdie "ystergeweld" is niks anders as die geweld van die liefde nie. **Want die liefde vermag alles!**

18] Sou iemand van julle sê: "Ja, Ek sou graag alles doen en Myself tot die laaste druppel bloed verloën, as Ek maar net een keer iets kon sien of verneem, sodat Ek kon weet of daar werklik iets aan dit alles is?" Alleen sê Ek maar aan jou in reaksie op so 'n uitspraak: "Ten eerste, het jy regtig nog niks verneem nie? Wie het aan jou die lig van die oë gegee, en wie, die gehoor? En wie, al die ander sintuie? Wie het jou 'n hart gegee om lief te hê en 'n verstand om te dink? As jy dit nie van jouself ontvang het nie, aangesien dit duidelik is dat jy dit blykbaar besit, hoe kan jy sê dat jy nog niks gesien en gehoor het nie?

19] Is jy self nie veelmeer in jou ganse wese 'n lewende woord vanuit My nie? – Sou jy 'n boek lees en die eerste woord weglaat, wat die betekenisvolste is en die een waarom al die woorde in die hele boek wentel, hoe sal jy die res van die Boek van die Lewe verstaan? - Kyk, jyself is die eerste woord in die boek van die lewe! As julle hierdie boek wil lees, en dit verstaanbaar wil lees, moet julle eers hierdie eerste woord, wat jyself is, perfek uitspreek, en dan eers die ander woorde, wat alles tot uitleg van hierdie eerste kernwoord, in die Groot Boek geskryf staan.

20] Maar hoe lui hierdie woord? - Hierdie woord is: "**Liefde**!"

21] Wat julle liefde aangegryp het, dieselfde sal ook jul lewens gryp! As julle eieliefde homself aangegryp het, dan het jy daardeur jou lewe self verslaaf. Maar aangesien jou lewe niks anders is as jou liefde self nie, het jyself jou liefde daardeur aan hande en voete vasgeboei en in die donkerkamer van sy selfvol-daanheid ingekruip!

22] Het julle liefde My tog maar vasgegryp, julle vir wie Ek die vrye Lewe self is, **dan het julle daardeur ook die hoogste vryheid vasgegryp en julle ook self vrygemaak** deur die allergrootste vryheid van My ewige, enige en alleen ware Lewe, en julle het self vrygeword , net soos wat die lewe vry is; dit wat julle vasgegryp het.

23] Kyk, hierdie voorafgaande beskouing is nodig, om dit te begryp wat volg. Jy het onlangs na 'n fontein gestap wat jy die " fontein van die Andritz" noem. - Vra jouself nou af, wat het ek daar gesien? - Jy het regte suiwer water rustig uit die aarde sien voortkom. En al het jy nog geen beduidende gate in die grond opgemerk waaruit hierdie water, opwellend uit die ingewande van die aarde, na die oppervlak opstyg nie, moes jy darem minstens dink: dit syfer rustig deur die sand en ander verkrummelde rots. Jy het ook 'n eienaardige groen kruid onder die water sien groei. Jy het ook klippe en visse gesien, en eweneens aller-hande ander bekende voorwerpe. Maar ons laat dit alles vir eers tersyde, aangesien julle die natuurlike wese van hierdie fontein reeds, deur My toestemming, van die fontein self ontvang het, en omdat, ten tweede, water, soos ander natuurlike voorwerpe, in elk geval steeds breedvoerig bespreek sal word op die regte plek.

24] Maar wat besonder nuttig is van hierdie fontein, deel Ek u mee sodat, sou hierdie fontein in 'n behoorlike badoord verander word, dit byna dieselfde eienskappe sou hê as die bad by Jerusalem, soos aan jou bekend, en dat baie kranklikes en jiglyers daar genees sou word. Daar is inderdaad baie fonteine, maar nie al hierdie fonteine het 'n konstante, beskermende engelgees daarby nie. **Maar aan hierdie fontein is, soos jy reeds weet, so 'n gees gegee**. En daarom het dit ook 'n besondere helende krag! Dit is nou die natuurlike nut van hierdie fontein!

25] Maar dit wat geestelik nuttig is, is egter dat iedereen op dieselfde wyse rustig uit homself tevoorskyn kom deur klein openinge, sodat hy die lewe in hom nie met **dwase felheid** vertroebel nie en dan sal die lig van Genade hom kan verlig tot in die diepste innerlike en sal sy ganse lewe vol lewende hoop wees, soos hierdie fonteingrond begroei is met pragtige, heldergroen kruieplantjies. En so sal ook sy nederige erkentenisse, net soos die lewendige klein vissies in hierdie fontein, in die helder waters van sy lewe vrylik in alle rigtings beweeg. En die swak riet sal slegs in sy uiterlike voorkoms verskyn, maar die dieptes van sy lewe sal vry wees om te alle tye die strale van Genade tot in sy diepste innerlike op te neem.

26] Maar ook die hele (verdere) verloop van hierdie fontein sal jou wys dat as 'n mens teveel van sy kragte aanwend vir sy daaglikse brood, dan word die water van sy lewe ook meer en meer vertroebel. Jy sal jy dus

opmerk dat hierdie selfde suiwer water later nie meer so suiwer is nie, nadat dit verskeie meulens met die verloop van 'n kleine halfuur aan die gang gesit het. Jy sal dan sê: "Is dit nie reg om jou krag nuttig aan te wend nie? Of is dit nie reg om verskeie meulens op hierdie stroom te bou nie?" - O, daarteen het Ek glad geen beswaar nie - behalwe vir 'n paar (meulens) waar geen wit nie, maar ’n swart duiwelmeel geproduseer word. Ook dat jy nie jou kragte vir die tydelike beswil moet misbruik nie, **maar net dat jy dit regverdig volgens My wil moet aanwend**.

27] Want net soos die bron se nuttigheid reeds in homself toebedeel was, so is dit ook aan elke mens toebedeel, as hy dit maar net erken en daarna wil handel. Maar om die verleende kragte vir oorbodige dinge, en selfs vir slegte doeleindes, aan te wend, jy sien, dit is wat uiteindelik die water van die lewe vertroebel.

28] Daarom moet julle nie te veel "meulens" op die klein stroompie van jou lewe oprig nie, allermins nie "poeiermeulens" nie. So sal dit altyd helder bly, soos dit oorspronklik was. En wanneer dit dan verenig met die stroom van die ewige lewe, dan sal dit helder en suiwer word, soos die stroom self, wat daarmee verenig, en die Genade-See van My eie, ewige, helderste lewe binnestroom. Amen. Dit sê Ek, julle Vader, aan julle vir 'n klein, goed geordende lering! Amen.